higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel)

**NKR VLAK 4**

(4101064)

**6 Maart 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en twee bylaes van 3 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 120**

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

   AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE FUNKSIONELE TEKS 50
   AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK 70

2. Beantwoord die vraag in AFDELING A en EEN vraag uit Afdeling B. Let daarop dat die vrae uit TWEE opdragte bestaan, wat albei gedoen moet word.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet beplan, redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

7. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

8. Onthou om BYLAE B saam met jou ANTWOORDBOEK in te lewer.

9. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

10. Beplan jou tyd.

11. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE FUNKSIONELE TEKS

### VRAAG 1

Lees die onderstaande berig soos aangepas uit die Mossel Bay Advertiser, 15 Desember 2016, en beantwoord die vrae.

**HUIS KENANI – TEHUIS VIR GESTREMDES OPEN IN MOSSELBAAI**

TERSIA MARAIS

Die gemeenskap en die ACVV het hard gewerk aan 'n projek om aan volwasse gestremdes 'n plek van veiligheid te bied. Die doel met hierdie huis is om aan volwasse mans en vrouens wat gestremd is vaardighede te leer en om hulle tuis te laat voel in 'n omgewing waar almal om hulle gestremd is.

Die huis het al sy eerste drie permanente inwoners laat intrek. Die huis is nog nie volledig toegerus nie, maar die basiese om te kan leef is reeds in plek. Daar word na die gestremde se daaglikse behoeftes gekyk en, veral belangrik, hulle word deel van die groter gemeenskap en leer spesifieke handvaardighede aan. Die doel is om gestremdes artikels te laat vervaardig wat weer verkoop kan word vir 'n sakgeldjie vir die gestremde. Op so 'n manier voel die gestremde dat hy/sy ook 'n bydrae in die samelewing kan lewer. Fondse en permanente werkers is uiters beperk en daarom word daar 'n beroep op akademiese instansies gedoen om te help met die opleiding en leerproses van die gestremde. Geld is belangrik om die dienste te laat voortgaan, maar belangriker is individue se tyd, aandag en inisiatiewe om hierdie gestremdes deel van die gemeenskap te laat voel. Kom bied u hulp aan en wees deel van 'n verskil in ander se lewens. In hierdie Kerstyd nooi Huis Kenani u uit om betrokke te raak en te dink aan ander se nood.

Die huis wil graag op 'n daaglikse basis gesinne met gestremdes ondersteun deur 'n dagsorgdiens aan te bied waar die volwassenes aktief besig gehou kan word en belangrik kan voel.

Jongmense wat wil help sal weet wat dit beteken om iemand te help wat nie al die geleenthede en vermoëns het nie. Instansies wat help sal goeie publisiteit in die koerant kry en relevante foto's sal deel vorm van die berig.

Raak kreatief en help waar u 'n verskil kan maak!

Enkele idees wat oorweeg kan word, is:

- Hou 'n blikskud – laat almal deel word van die groter bewusmaking van gestremdes.
- Reël 'n braaidag met een of twee stalletjies wat eetgoed verkoop en skenk die geld of koop afvalmateriaal wat gebruik kan word vir kreatiewe sessies.
- Kom kuier hier en speel speletjies.
- Hierdie projek het nie 'n begin of 'n einde nie! Kom raak betrokke.

## 1.1 TITELBLAD VIR VOORSTEL

### SITUASIE

Jy is die sekretaris van die studenteraad by julle kollege. Julle kies elke jaar 'n uitreikingsaksie waarby julle betrokke kan raak. Julle wil nie net geld insamel en skenk nie, maar julle wil ook aktief betrokke raak by ‘n projek. Jy lees die bostaande artikel in die koerant en besluit dat dit 'n projek is waarby die kollege betrokke moet raak. Julle wil help met kosmaak, fondsinsameling, oefeninge vir gestremdes, handvaardigheidsklasse, kreatiewe klasse of speletjies ontwerp en speel. Die Studenteraad stel 'n volledige voorstel op om aan die kampushoof te oorhandig.

### OPDRAG

Ontwerp 'n titelblad (A4-grootte) met die volgende opskrifte:

- Die naam en adres van die ontvanger van die voorstel
- Die naam van die projek
- Die naam van die voorsteller
- Die datum

### ASSESSERINGSKAAL:

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 4 | 3 | 3 |

(10)

## 1.2 VOORSTEL

### SITUASIE

Gebruik VRAAG 1.1 se situasie as agtergrond.

### OPDRAG

Skryf die VOORSTEL (250–350 woorde) volledig vir die aandag van die kampushoof. Verdeel jou bladsy in twee en skryf die opskrifte aan die linkerkantste een-derde van die bladsy. Die regterkantste kolom (twee-derdes) is die inhoud van die voorstel.
Gebruik BYLAE A (aangeheg) as voorbeeld vir die skryf van 'n voorstel.
Trek jou eie kolomme in jou antwoordboek.

Gebruik die volgende inligting in jou voorstel:

- Inleiding: Gee 'n volledige agtergrond vir die voorstel wat julle indien. Verwys na die artikel in die koerant en veral na wat die vergadering besluit het. Noem VYF punte.

- Sleutelkwessies: Hoekom wil die kollege betrokke raak by die projek? Die kollege se beeld as opvoedingsinstansie kan bv. verbeter word. Noem VIER redes.

Kopiereg voorbehou

- Beskrywing van die projek: Beskryf TWEE voorstelle oor WIE betrokke moet wees en WAT gedoen moet word, bv. die aanbied van kreatiwiteits- of rekenaargeletterdheidsklasse. Verwys na die datum waarop die projek gaan begin en vir hoe lank die projek gaan aanhou.

  LET WEL: Die voorstelle uit die artikel kan nie net oorgeskryf word nie; jy moet jou eie kreatiewe idees en voorstelle gee.

- Implementeringsplan om bogenoemde aktiwiteite aan te bied: Verskaf 'n LYS van fasiliteite wat reeds beskikbaar is en WAT die studenteraad dink nog aangekoop moet word om die projek volledig te ondersteun.

- Koste: Gee 'n kort begroting vir dit wat beplan word bv. vervoer en bemarking.

- Voordele; Hoekom sal studente, die kollege en gestremde volwassenes baatvind by hierdie projek. Noem DRIE voordele.

- Slot: Beklemtoon kortliks die voordele van hierdie projek en herhaal die versoek om die projek te mag loods. Die slot moet oorreed deur die voordele van deelname aan die projek te beklemtoon. Noem DRIE punte.

Beantwoord hierdie vraag in die ANTWOORDBOEK. Verdeel jou bladsy in twee soos voorgestel in BYLAE A (aangeheg). Trek jou eie kolomme in jou ANTWOORDBOEK.

**ASSESSERINGSKAAL:**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 29 | 8 | 3 |

(40)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**EN**

## AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

Doen slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

**LET WEL:** Elke vraag bestaan uit TWEE dele wat albei gedoen moet word.

### VRAAG 2

2.1 **KOERANTBERIG**

**SITUASIE**

Julle het Vrydagaand julle jaarlikse sportprysuitdelingsfunksie by die kollege gehad. Dit was 'n gala-aand met baie bekende sportsterre wat die aand bygewoon het. Die sportkomitee het baie moeite gedoen en die aand was ‘n groot sukses. Trevor Noah was die gaskunstenaar. Die gasspreker van die aand, Olimpiese atleet Wade van Niekerk, het almal verras met sy humor en uitstekende boodskap. Die kos was heerlik en die vermaak wat gereël is, was ‘n hoogtepunt.

**OPDRAG**

Skryf 'n BERIG (120–180 woorde) vir die kollege se koerant oor hierdie sportgeleentheid wat die jaar vir al die sportmanne en -vroue perfek afgesluit het.

- Voorsien jou berig van 'n titel wat die onderwerp weergee.
- Inleidinspapragraaf wat feite gee oor datum, tyd, plek en wie die funksie bygewoon het.
- Beskryf die dekor, die kos, gaskunstenaar en die gaste se kleredrag.
- Noem wat die gasspreker so uniek gemaak het en hoekom jy dit altyd as 'n hoogtepunt sal onthou.
- Wat is in die bedankingstoespraak gesê?
- Slotparagraaf wat die berig tot 'n eenheid bind.

**ASSESSERINGSKAAL:**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 18 | 8 | 4 |

(30)

**EN**

## 2.2 TERUGVOERVERSLAG

### SITUASIE

Na die Septembervakansie het die departementshoof vir Lewensoriëntering besluit om die Vlak 4-studente op 'n toer te neem waar hulle bekendgestel kon word aan verskillende beroepe. Die doel was om die studente in die praktyk te laat beleef wat elke beroep behels. Dit is die eerste keer dat so 'n toer deur die kollege gereël word.

As lid van die studenteraad moet jy 'n terugvoerverslag oor die toer in memorandumformaat opstel om by die kampushoof in te lewer.

### OPDRAG

Skryf die VERSLAG (250–350 woorde) op die memorandumvorm, BYLAE B (aangeheg). Onthou om BYLAE B saam met jou ANTWOORDBOEK in te lewer.

- Begin met die agtergrond waarin jy beskryf hoekom, wanneer en waar die toer plaasgevind het, wie dit gereël het en wie die toer meegemaak het.
- Die doel van jou verslag: Terugvoer oor positiewe aspekte van die toer sowel as die uitdagings wat ondervind is.
- Bespreek VIER moontlike uitdagings bv. sommige studente het gevoel hulle wou net die werkpekke besoek waarin hulle belangstel in plaas van om die hele toer mee te maak.
- Bespreek die suksesse: Noem enige VYF moontlike positiewe belewenisse wat julle ondervind het.
- Jou verslag moet met 'n gevolgtrekking afgesluit word: was die toer suksesvol/waardevol genoeg om volgende jaar weer só 'n toer te reël?

### ASSESSERINGSKAAL:

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 29 | 8 | 3 |

(40)
**[70]**

**OF**

**VRAAG 3**

3.1 **RESENSIE**

**SITUASIE**

Julle kollege was een van die gelukkiges om 'n geleentheid te kry waar studente skootrekenaars teen kosprys kan koop. Independent Computers het hierdie aanbod aan slegs twee kolleges in Suid-Afrika gemaak. Independent Computers gaan 'n uitstalling in die Kollegesaal op die kampus hou en die produkte en pakkette bekendstel. Studente moet hulle studentekaarte as toegang gebruik.

**OPDRAG**

Skryf 'n RESENSIE (120–180 woorde) vir die kollege se koerant oor Independent Computers se projek.

- Gee die resensie 'n treffende titel wat die lesers onmiddellik sal laat besef dat dit 'n geleentheid is wat hulle nie kan misloop nie.
- Beskryf kortliks die eienskappe en voordele van die skootrekenaar wat studente kan aankoop: die materiaal waarvan dit gemaak is, die skerm, sleutelbord, ektras bv. drasak en muis, nuutste Windows programme en die verskillende modelle wat beskikbaar is. Beskryf kortliks ander funksies van die skootrekenaar bv. anti-virusprogram. Hoe vergelyk die skootrekenaar met ander?
- Maak aanbevelings oor die voordele van die skootrekenaar vir studente.
- Noem waar en wanneer die bekendstelling gaan plaasvind en sê wat studente moet saambring.

**ASSESSERINGSKAAL:**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 18 | 8 | 4 |

(30)

**EN**

## 3.2 KOERANTARTIKEL

### SITUASIE

Verhoudings speel 'n groot rol in elke mens se lewe elke dag. Baie mense sukkel om gesonde verhoudings te bou en veral om tyd te maak vir die mense vir wie hulle omgee. In die werkplek is goeie menseverhoudinge veral baie belangrik. Jy moet volgende jaar begin werk en het artikels gaan lees oor gesonde verhoudings in die werkplek.

### OPDRAG

Skryf 'n ARTIKEL (250–350 woorde) vir 'n koerant of tydskrif waarin jy hierdie belangrike saak bespreek. Gee raad aan jongmense wat volgende jaar begin werk oor hoe om voorbereid te wees om met verskillende tipes mense in die werkplek oor die weg te kom. Jou artikel moet 'n effektiewe inleiding en slot hê.

- Gee advies oor gesonde verhoudings in die werkplek.
- Verduidelik watter invloed jou positiewe/negatiewe gesindheid en optrede op ander het.
- Gee raad oor konflikhantering in die werkplek en hoe om jouself professioneel te handhaaf.
- Gee raad oor professionele aanspreekvorme in die werksplek.
- Gee raad oor hoe om professioneel op te tree tydens werksfunksies.

Onthou om die inligting en jou raad in VYF duidelike paragrawe (soos bo uiteengesit) te verdeel sodat dit vir die jongmense wat moet begin werk maklik is om die inligting wat op hom of haar van toepassing is, raak te lees.

**ASSESSERINGSKAAL:**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 29 | 8 | 3 |

(40)
**[70]**

**TOTAAL AFDELING B: 70**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A**

**VRAAG 1: UITLEG VAN 'N VOORSTEL**

| | |
|---|---|
| **Inleiding:** | Skryf die inhoud van jou voorstel in blokvorm hier neer. |
| **Sleutelkwessies:** | |
| **Beskrywing van die projek:** | |
| **Implementeringsplan:** | |
| **Koste:** | |
| **Voordele van die projek:** | |
| **Slot:** | |

Kopiereg voorbehou

**BYLAE B** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG**

**MEMORANDUM**

AAN: _____

VAN: _____

DATUM: _____

ONDERWERP: _____

**BYLAE B (vervolg)** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**ONTHOU OM HIERDIE BYLAE SAAM MET JOU ANTWOORDBOEK IN TE LEWER.**

Kopiereg voorbehou